


# 1: SKEPPING EN VAL VAN DIE MENS

1

| 246: Wie het Isebel tereggestel? | | | |
|---|---|---|---|
| Ahasia | Gasael | Joram | Jehu |
| **247: Wat het veroorsaak dat Saul Samuel gaan opsoek het voor hy gekroon is?** | | | |
| Verlore donkies | Siek vader | Verlore erfporsie | Besmette wingerd |
| **248: Hoeveel seuns het Isai gehad?** | | | |
| 5 | 6 | 7 | 8 |
| **249: Hy het leëroweste in die plek van Joab geword.** | | | |
| Abner | Amasa | Jonatan | Benaja |
| **250: Wie was Salomo se moeder?** | | | |
| Abigail | Batseba | Mikal | Abisag |
| **251: Watter taak het Sagaria verrig as prediking** | | | |
| Soldaat | Pottebakker | Boer | Herder |
| **252: Wie was die eerste rigter van Israel?** | | | |
| Ehud | Kaleb | Otniël | Simson |

2

| 246: Wie het Isebel tereggestel? | | | |
|---|---|---|---|
| Ahasia | Gasael | Joram | D: 2 Konings 9:33 |

| 247: Wat het veroorsaak dat Saul Samuel gaan opsoek het voor hy gekroon is? | | | |
|---|---|---|---|
| A: 1 Samuel 9 | Siek vader | Verlore erfporsie | Besmette wingerd |

| 248: Hoeveel seuns het Isai gehad? | | | |
|---|---|---|---|
| 5 | 6 | 7 | D: 1 Samuel 16:10, 11 |

| 249: Hy het leëroweste in die plek van Joab geword | | | |
|---|---|---|---|
| Abner | Amasa | Jonatan | D: 1 Konings 2:35 |

| 250: Wie was Salomo se moeder? | | | |
|---|---|---|---|
| Abigail | B: 1 Konings 1:11 | Mikal | Abisag |

| 251: Watter taak het Sagaria verrig as prediking | | | |
|---|---|---|---|
| Soldaat | Pottebakker | Boer | D: Sagaria 11 |

| 252: Wie was die eerste rigter van Israel? | | | |
|---|---|---|---|
| Ehud | Kaleb | C: Rigters 3 | Simson |

3

***1.*** Wat was die effek wat die mens op die skepping gehad het?

31 Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.

31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

Baie goed. Die skepping van die mens voltooi God se skepping.

26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld

26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis

God skep die mens as Sy verteenwoordiger en beeld.

4

## 2. Hoe verklaar die Kategismus dat die mens na die Beeld van God geskep is?

6 *Vraag*: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

*Antwoord*: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c).

***Goed – teenoor sleg – hier: volmaakte kennis en DNS***

***Ewebeeld – figuurlik gesproke. Daarom die volgende verklaring***

***Waarheid – waar daar geen valsheid is nie.***

***Geregtigheid – reg volgens God se standaarde***

***Heiligheid – waar daar geen sweempie van die vuilheid van die sonde is nie.***

***Eienskappe van God.***

5

## 3. Wat, volgens die Dordtse Leerreëls, het met die beeld gebeur met die sondeval?

***3.4 §1*** Die mens is van die begin af na die beeld van God geskape. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart, sowel as onsuiwerheid van sy hele gesindheid.

Duiwel het die mens verlei, MAAR: die mens het self gekies o die verkeerde te doen! Dus: geen veronskuldiging. Kan nie die blaam skuif nie!

6

## 3. Wat, volgens die Dordtse Leerreëls, het met die beeld gebeur met die sondeval?

(§2, 3) 2. Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur.

3. Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie.

Erfsonde.

7

## 3. Wat, volgens die Dordtse Leerreëls, het met die beeld gebeur met die sondeval?

(§4) Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaan like bly behou en vertoon hy in sekere mate 'n strewe na deug en openbare gedissiplineerdheid. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer verduister hy dit heeltemal op verskillende maniere en bedek dit in ongeregtigheid. Omdat hy dit doen, is daar voor God vir hom geen verontskuldiging nie.

Daar het 'n bietjie van die lig oorgebly.

Prakties: Groot spieël (beeld van God) val en breek in 1000 stukkies. Elke stukkie is beeld – maar kan nie die volle beeld wys nie.

Lig = genoeg om die mens van veronskuldiging te ontneem, maar nie genoeg dat die mens homself kan verlos nie.

8

## 4. Hoe verskil die beskrywing van die mens tussen Genesis I en 2?

Genesis 1 fokus op kronologie (dit was aand en dit was more, die ..... dag.

Genesis 2 fokus op belangrikheid van die mens as:

- Beeld van God.
  - God skep die mens uit stof
  - Vrou uit die man geneem
  - Man + vrou = beeld van God (Genesis 1)

Verteenwoordiger van God.

  - Gee die diere name
  - Gee ook verantwoordelikheid!

9

## 5. Was die dood deel van die Skepping? Motiveer

Nee. Genesis 1:31 – na die skepping van die mens is die skepping ***baie goed.***

Daar is geen sprake van enige iets negatiefs nie in Genesis 1 nie

In Genesis 2 word aan die mens nie net die verantwoordelikheid van regeer oor die natuur nie, maar ook eie denke (mag nie van die boom van die lewe eet nie)

Let op: daar is ***GEEN*** tydsaanduiding in Genesis 2 nie. Die feit dat *dood* – wat iets negatiefs is – deel van die scinario geword het, sê dat Satan reeds in opstand teen God gekom het.

In die verantwoordelikheid is daar een van 2 uitkomste:

Wees gehoorsaam en geniet die lewe met God

Wees ongehoorsaam met sterf.

10

## 6. Hoe is die woord van God vervul dat die mens gesterf het toe hy van die vrugte geëet het?

Weer Dordtse Leerreëls 3, 4:1-4. Onderskei geestelike en fisiese dood. God skep die mens as 'n lewende siel (2:7). Ons onderskei liggaam en siel / gees.

Prediker 12: Met die dood skeur hierdie eenheidL die liggaam keer terug na die aarde wat dit gegee het en die siel na God wat dit gegee het.

## 7. Wat was die effek van die sondeval op Genesis 1:31?

Dit wat baie goed was, word baie sleg.

Vervloek is die aarde om jou ontwil.

Vervloek: Alles wat vol van God was is nou leeg

Dit gevolg van die sonde is dat dit wat die mens voor verantwoordelik was, is ook aangetas.

11